Leer uit Gister, Leef vir Vandag, Werk vir Môre

Riebie Klanke

Jaargang 25 | Nommer 33 | 24 Junie 2021
d6 Connect | www.riebie.co.za

UIT DIE HOOF SE PEN

Klein treetjies vorentoe is ook treë

DIE RIEBIES GAAN VOORT …

Ons lewe beslis in ongekende tye. Die impak van COVID-19 is iets wat niemand kon, of steeds kan voorspel nie, en wat beslis ons almal affekteer. Daar is weekliks meer vrae as antwoorde en dit wil voorkom asof die effek hiervan vir ‘n geruime tyd saam ons gaan wees.

Ons huidige skoolbywoning is konstant by die 94% - vir seker ‘n mosie van vertroue van ons gemeenskap. Ons skool se infeksie syfer (positiewe gevalle vir die afgelope twee weke) is 0.3%. Ons is in telefoniese kontak met positiewe gevalle en ons is werklik dankbaar dat hul herstel, en veilig terugkeer skool toe.

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om die skool se Beheerliggaam, Bestuurspan, Onderwysers, Administratiewe- en Terreinpersoneel te bedank vir die ongelooflike werk wat hulle reeds gedoen het, en steeds aanhou om te doen. Die gehalte van onderrig, kommunikasie na ouers, en veiligheid van elkeen by die Riebies, is steeds van uitnemende gehalte en dit bring ‘n groot mate van gemoedsrus by ons ouers, in hierdie tyd van onsekerheid.

Die pad vorentoe is beslis een wat uitdagings bring. Nie net is daar onduidelikheid oor die impak op die skoolprogram nie, ek dink aan aspekte van ons skool soos sport, kultuur, en die sosiale aspekte van kindwees. Ons harte gaan in besonders uit na die Graad 7-leerders wat baie “laastes” op Laerskool hierdie jaar misloop.

As Skoolbestuur en Beheerliggaam word ons gelei deur die Regering, Departement van Onderwys en Departement van Gesondheid, in die besluite wat ons daagliks neem. Hier word die veiligheid van ons leerders en onderwysers beklemtoon en dit is vir ons ononderhandelbaar.

Agter die skerms werk ons administratiewe personeel net so hard om die nuutste kommunikasie so korrek en vinnig moontlik by ouers te kry. Ongelukkig dra die onbekende van hierdie pandemie daartoe by dat ons van tyd tot tyd ons besluitneming moet verander en die veranderende uitdagings op ‘n ander wyse moet trotseer. Dankie vir u geduld in die verband.

Ons Terreinwerkers het ongekende uitdagings en ons is ongelooflik trots op die span wat hoogs gemotiveerd is, en elke dag 'n baie besige skedule volg om klasse, kleedkamers, en die terrein in geheel, skoon te hou en te saniteer.

Ons is verder ook deeglik bewus van die impak wat hierdie tyd op almal se finansies het en is werklik dankbaar dat ons ouers hierdie belangrike aspek steeds bybring. Om 'n skool van Laerskool Van Riebeeckpark se uitnemendheid te laat voortbestaan, doen ons 'n beroep op almal om voort te gaan om op finansiële basis, u bydrae te lewer. Die hartklop van ons skool is tog die verskaffing van gehalte onderrig aan alle leerders en daarvoor benodig ons u positiewe ondersteuning in dié verband.

As ons saamstaan en saamwerk in hierdie onsekere tye, sal ons saam sterker aan die ander kant uitkom. Wees verantwoordelik en bly veilig.

AANSOEKE GRAAD 1 – 2022

Ons skool se huidige Gr R-ouers het hierdie week 'n skrywe ontvang wat voor of op 29 Junie 2021, saam met die volgende **verpligte stawende dokumente,** na u kind se klasonderwyser terug gestuur moet word, indien u van voorneme is om vir ons skool aansoek te doen vir 2022.

Ouers wat nie kinders in Graad R het nie, en van voorneme is om vir hul Graad 1 - 2022 kind by ons skool aansoek te doen, moet asseblief ook die betrokke stawende dokumente na Naomi van Niekerk by die skoolkantoor stuur, tesame met u kontakbesonderhede.

- Ouers moet asseblief daarop let dat hierdie nie 'n aansoek is nie, maar slegs om die dokumentasie gedeelte van die proses te vergemaklik en te bespoedig. Ouers sal steeds moet aansoek doen op die Departement van Onderwys se aanlyn-platform www.gdeadmissions.gov.za sodra die openingsdatum aangekondig is, en ook die dokumente aanlyn moet laai en/of by ander skole indien waarvoor aansoek gedoen word.

- **Gesertifiseerde** afskrif van kind se **Onverkorte (Unabridged) Geboortesertifikaat**.
- Afskrif van **Immuniseringskaart/rekord**.
- **Gesertifiseerde** afskrifte van **beide** ouers se **ID dokumente**.
- **Bewys van adres**, nie ouer as 3 maande nie (W&L rekening in ouer se naam, of amptelike huurooreenkoms op agentskap briefhoof, in die ouer se naam).
- Indien u nie die biologiese ouers is nie, dokumente wat u wettige voogskap bevestig.

Ons het intussen verneem dat die aanlyn-aansoeke vir **Graad 1 - 2022** eers in die derde kwartaal sal open en dat die spesifieke openingsdatum mettertyd deur die Departement van Onderwys aangekondig sal word. Ouers sal daarna, ingevolge departementele riglyne, **AANLYN** aansoek moet doen by: www.gdeadmissions.gov.za .

Sodra die skool enige verdere inligting ontvang sal ouers dienooreenkomstig in kennis gestel word.

LEIERS 2021

Die verkiesing van leiers by ons skool is 'n demokratiese proses, maar ook 'n proses wat nooit ophou nie. Leerders ontwikkel voortdurend en die skool gee so ver moontlik erkenning vir ons leerders in dié verband.

Geluk aan die volgende drie leerders wat ook deel word van ons huidige leierskorps:

Minenhle Njeya
Owen van Zyl
Carika van Rooyen

" Leadership is not about titles, positions or flowcharts.
It is about one life influencing another."
~ John Maxwell ~

Groete tot volgende week.....

V BOTHA – SKOOLHOOF

AKADEMIE

INTERSENFASE AKADEMIE

Formele assesserings vir die week van 28 Junie 2021 – 2 Julie 2021:

28 Junie 2021	Graad 4 – Graad 7	Addisionele Taal Huistaal Gr.7E
29 Junie 2021	Graad 4, 5, 6 & 7	Geografie
30 Junie 2021	Graad 7 Graad 4 – Graad 6	EBW SOS
1 Julie 2021	Graad 7 Graad 4 – Graad 6	Kuns Normale skooldag
2 Julie 2021	Graad 4 – Graad 7	Normale skooldag

'n Vriendelike versoek aan ouers om toe te sien dat die leerders in die oggende betyds by die skool afgelaai word. Kosbare tyd om formele assesserings te voltooi gaan verlore indien 'n leerder laat by 'n klas instap. Daar sal ongelukkig nie ekstra tyd aan hierdie leerders gegee word nie.

SPORT

KRIEKET OEFENING

Let asseblief op die volgende:
Oefeninge sal daagliks plaasvind vanaf 12:00 – 12:45, waarna leerders na hul onderskeie hekke beweeg en verdaag.

*** ALLE seuns is welkom om oefening in hul ouderdoms-groep by te woon, soos onder aangedui.**
*** Neem wel kennis dat krieket oefening nie tans verpligtend is nie en geen seun sal benadeel word nie.**

28 Junie 2021	12:00 – 12:45	O/11, O/12 & O/13
29 Junie 2021	12:00 – 12:45	O/9A O/10
30 Junie 2021	12:00 – 12:45	O/11, O/12 & O/13
1 Julie 2021	12:00 – 12:45	O/9A O/10

LANDLOOP

Oefentye is vanaf 12:00 – 12:45, vanaf Maandag - Donderdag.

TENNIS

Oefeninge vir seuns en dogters sal as volg plaasvind:

28 Junie 2021	12:00 – 12:45
29 Junie 2021	06:00 – 07:00
1 Julie 2021	06:00 – 07:00

*** Daar is geen Mini-Tennis oefeninge tot verdere kennisgewing.**

ALGEMEEN

GHOLF

ONTHOU: GHOLFDAG – 17 SEPTEMBER 2021 te MODDERFONTEIN GHOLFBAAN !!!

Merk asseblief solank hierdie datum in u dagboek. Rig asseblief enige navrae aan: golf@riebie.co.za

RIEBIE RAKKERS NASKOOLSENTRUM

Kontaknommers:

- Junior Naskoolsentrum: 076 515 5497
- Senior Naskoolsentrum: 082 265 4909

Vir enige navrae of klagtes, e-pos gerus vir Mev. T. Abrahams by teresa@riebie.co.za

SPYSKAART VIR DIE WEEK: 28 JUNIE 2021 – 2 JULIE 2021

MAANDAG	MACARONI EN KAAS	BROODJIE & SAP
DINSDAG	SPAGHETTI BOLOGNAISSE	VRUG / BROODJIE & SAP
WOENSDAG	GEVULDE VETKOEKE	POEDING / BROODJIE / SAP
DONDERDAG	HAM EN KAAS TOEBROODJIE	BROODJIE & SAP
VRYDAG	WARMBRAKKE	SKRYFIES / SAP / VRUG

*** Die spyskaart is onderhewig aan veranderings ***